



Kampioen en voorlopers wen weer

Morris Gilbert

Quins-Bobbies, die verdedigende Carltonbeker-kampioen, het die afgelope Saterdag in Springs gewys dat hul onlangse oortuigende sege oor die hoër aangeskrewe Impala geen vloekskoot was nie.

QBR het Springs met 69-38 oorrompel en daarmee 'n tydige waarskuwing aan Naka Bulle, sy volgende teenstander, gerig. Die twee spanne speel Saterdag in die Moot teen mekaar.

UP-Tuks se oorwinning met 38-11 oor East Rand United in Reigerpark was weliswaar minder glansryk, maar steeds baie be-

tekenisvol deurdat dit die voorlopers in die reeks se agtste sege agtereenvolgens was. 'n 100%-wenrekord (40 uit 40 ligapunte ná agt wedstryde) bly merkwaardig. Dis selfs nog meer merkwaardig as in ag geneem word dat dit ERU se grootste nederlaag dié seisoen op sy tuisveld was.

Centurion het egter die wind van voor gekry in sy wedstryd teen Impala (42-28), terwyl Naka Bulle in 'n oefenwedstryd teen die Blou Bulle vasgeval het (28-14).

Die naweek se spyskaart het die herontmoeting tussen Naka en Centurion as hoofdis. In die

ooreenstemmende wedstryd in die eerste ronde het Naka maklik en ver gewen, maar dit kan dié keer 'n meer gelykop stryd wees. Sedert sy vorige loesing teen Naka, het Centurion meer mededinerend geraak. Om dit deurlopend te doen is egter steeds een van Centurion se grootste hoofbrekens.

Vir Naka is dit om drie redes van groot belang om 'n tweekuns teen sy suidelike buurman te behaal. 'n Sege sal Naka se stewige posisie op die Superliga-puntelys (2de met 28) verstewig, toesien dat hy binne trefafstand van UP-Tuks in die Carltonbeker-wedloop bly en ook sy Goue Beker-

aspirasies 'n reusehupstoot gee.

QBR vat die pad Reigerpark toe vir die wedstryd teen ERU. Uit die vertonings van Naka, Centurion en ook UP-Tuks in "Die Begraafplaas" is dit duidelik dat ERU 'n baie meer gedugte teenstander op sy tuisveld is as in wegwedstryde. Tog behoort dit QBR nie te stuit nie, want soos hy nou speel, sal dit meer as 'n raserige tuisskare en Valke-skeidsregter neem om sy nuutgevonde wenkultuur te ondermyn.

QBR het altesame 11 drieë teen Springs gedruk. Nog meer be-moedigend vir die span se afrigters en ondersteuners is dat hul span, soos in die stryd teen Impala,

nie bes gegee het nie toe hulle eers die inisiatief geneem en skitterend kopgehou het in die laaste 28 minute van die wedstryd met net 14 spelers op die veld.

UP-Tuks sou 'n loslootjie gehad het nadat Brakpan hom aan die reeks onttrek het, maar intussen is 'n oefenwedstryd teen die Blou Bulle gereël, wat Vrydagaand in die Tuks-stadion plaasvind. UP-Tuks kan in sy noppies wees met die vertoning teen ERU, maar soos dit 'n pasaangeër betaam, sal hy die wedstryd teen die Bulle gebruik om die nodige klein verstellings te maak vir die herontmoeting met QBR op 26 Mei.